# HESSEQUA MUNISIPALITEIT

## VAKATURES

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van geskikte persone in die volgende vakatures:

### Superintendent: Siviele Infrastruktuur Dienste: Albertinia
**(Verw: T353) T13 – R306 800.88 tot R398 246.64 bruto salaris per jaar**

**Vereistes:** Nasionale Diploma in Siviele Ingenieurswese of 'n gelykwaardige kwalifikasie • Kode B bestuurderslisensie • Rekenaarvaardig • Sterk administratiewe- en kommunikasievaardighede • Twee jaar ondervinding in 'n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling dien.
**Pligte:** Koördineer die herstel en instandhouding van strate en stormwater, munisipale geboue, asook water- en riool verwante infrastruktuur • Hanteer navrae van die publiek • Bestuur en lewer insette tot die begroting • Toesighouding • Administratiewe take • Doen beplanning en stel werkskedules saam • Verseker dat aan diensstandaarde voldoen word.

### MIG- en Projekkoördineerder: Siviele Beplanning en Projekbestuur: Riversdal
**(Verw: T438) T11 – R230 820.00 tot R299 626.56 bruto salaris per jaar**

**Vereistes:** Nasionale Diploma in Siviele Ingenieurswese of gelykwaardige kwalifikasie • Ondervinding in Projekbestuur • Kode B bestuurslisensie • Rekenaarvaardig (GIS, CAD en IMQS) • In staat wees om in twee van die amptelike tale van die Wes-Kaap te kommunikeer • Twee jaar toepaslike ondervinding.
**Pligte:** Uitvoer van beplanningsprosesse • Identifiseer doelwitte/planne vir die infrastruktuur van openbare- en privaat ontwikkelings • Lewer bystand aan die publiek, ontwikkelaars en ander entiteite rakende die infrastruktuur van nuwe ontwikkelings • Bestuur van kapitale siviele ingenieursprojekte — paaie, water, riool, ens. • Uitvoer van projekbestuursfunksies t.o.v. die munisipale infrastruktuurstoelae (MIG).

* Addisioneel tot die salaris sal 'n vervoertoelaag, gebaseer op die Essensiële Gebruikerskema, vir die suksesvolle kandidaat aangebied word.

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig gestremdes, asook persone vanuit die voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings. Kandidate kan aan 'n praktiese toets onderwerp word.

'n Munisipale aansoekvorm is verpligtend en 'n CV kan addisioneel aangeheg word. Slegs sertifikate / dokumente wat aan die minimum vereistes voldoen moet aangeheg word. (CV's en aansoekvorms van 4MB en groter kan nie via e-pos versend word nie.)

Volledig voltooide aansoekvorms moet aan Hessequa Munisipaliteit, Menslike Hulpbronbestuur, Posbus 29, Riversdal, 6670 of per e-pos aan applications@hessequa.gov.za of faks 086 518 7229 versend word. Onvolledige aansoeke sal lei tot diskwalifikasie. Ontvangs van aansoeke sal nie erken word nie en geen ondersteunende dokumentasie sal terugbesorg word nie. Vir enige navrae kontak mev A Groenewald by 028 713 7800.

Sluitingsdatum : 2 Februarie 2018

Aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal nie oorweeg word nie. Persone wie teen 30 April 2018 geen terugvoering ontvang het nie, moet aanvaar dat hul aansoek onsuksesvol was. Die Raad behou die reg voor om nie die vakatures te vul nie.